

3 Junie

Markus 13:24-26

Christus kom!

Wie is dit wat kom? Dit is Jesus Christus, die Lig van die wêreld, die Son van geregtigheid! En as Hy kom, dan moet ons gewone son verbleek. Dan is dit daar mos nie meer nag nie. Dan het ons die maan nie meer nodig nie. Die son wat verdof en die maan, wat verbleek, is nie iets wat eers moet verbygaan en dan sal Christus kom nie. Dit is deel van sy wederkoms self. Dan het ons dié Lig by ons en het ons al die ander ligte nie meer nodig nie.

Dit is die sekerheid wat ons het in hierdie onsekere tyd: Jesus Christus kom. Al weet ons nie wat om more te verwag nie en wat oor 'n jaar met ons gaan gebeur nie, al is die toekoms vir ons duister, weet ons tog dat die toekoms vir ons dit inhou, dat ons Here kom. Alles in hierdie wêreldgeskiedenis, alles in ons persoonlike lewe, alles stuur af op daardie groot dag van sy koms.

Daarom mag die Christengelowige nooit moedeloos word in hierdie wêreld nie, nie dink dat alles tevergeefs is nie want Christus kom. Hy maak alles nuut. Dit is die boodskap wat ons as kinders van God hierdie wêreld moet indra: Christus kom, en niks kan Hom keer nie. Daarom moet ons nou, terwyl daar nog tyd is, terugkeer na God en sy Woord.

Is u bang vir die wederkoms van Christus? Dan is daar mos êrens fout in u lewe, fout in u verhouding met God. Maak dit reg, want die Here kom! Moenie bang wees vir sy koms nie. Dit is tog die Here wat u liefhet wat kom. Die Christen kyk na die toekoms, nie om die ergste te verwag nie, maar om die heerlikheid te verwag: ons Here kom! Wees wakker om Hom te ontvang.

Sing: Psalm 96:8

Ds. R.G. Aucamp (Middelburg, KP)